

Bybels vir ons buurlande

Doel

Om Bybelgenootskappe in Botswana, Lesotho, Namibië en Swaziland te help met hul taak om Bybels te versprei.

Agtergrond

- Georganiseerde Bybelwerk in hierdie lande is deur die Bybelgenootskap van Suid-Afrika begin.
- Bybelgenootskappe hier kry tans baie swaar.
- Die band met Suid-Afrika word verder versterk deur oorgrenstale, Tswana in Botswana, Suid-Sotho in Lesotho, Afrikaans in Namibië en Swati in Swaziland.
- Bybels word waar moontlik teen baie spesiale pryse aan die buurlande voorsien.

Bid dat ...

- Bybelgenootskappe in buurlande Bybels teen bekostigbare pryse beskikbaar sal kan stel.
- Meer Bybels beskikbaar sal wees vir die inwoners van hierdie lande.

Begroting ...

R500 000 word benodig om te help met Bybelverspreiding in ons buurlande.



Afrikaanse Bybelvertalingsprojek

Doel

Om 'n goed verstaanbare, bronteksgeoriënteerde Afrikaanse vertaling van die Bybel te skep wat geskik is vir voorlesing en gebruik in eredienste, asook vir kategetiese, Bybelstudie en persoonlike gebruik.

Agtergrond

- In 2004 word die Bybelgenootskap deur die kerke wat die Afrikaanse Bybel gebruik, versoek om, na jare se navorsing en omvattende bespreking, 'n nuwe vertaling van die Bybel in Afrikaans voor te berei.
- Dit is 'n inklusiewe vertaalproses wat al die kerke wat die Afrikaanse Bybel gebruik, betrek.
- Die werkstiel van hierdie vertaling is *Die Bybel in Afrikaans: 'n direkte vertaling*.
- Daar is in 2006 met die projek begin en dit sal na verwagting binne die volgende agt jaar voltooi wees.

Bid dat ...

- Met hierdie vertaling 'n spesifieke behoefte van kerke aan 'n Afrikaanse Bybelvertaling wat sterker by die bronteks (Hebreeus, Aramees en Grieks) aansluit, aangespreek sal word.
- Baie gelowiges 'n Bybel wat so na moontlik aan die bronteks, maar steeds in goeie verstaanbare Afrikaans is, sal ontvang.

Begroting ...

R1,2 miljoen sal dit moontlik maak dat daar in 2011 met hierdie projek voortgegaan kan word.



Doel

Om die Bybel vir die eerste keer in Suid-Ndebele beskikbaar te stel en sodoende sprekers van hierdie taal te help om deur hulle moedertaal die Bybel beter te verstaan.

Agtergrond

- ✦ Daar is ongeveer 712 000 mense in Suid-Afrika wie se moedertaal Suid-Ndebele is en hulle woon hoofsaaklik in Mpumalanga, Limpopo en Gauteng.
- ✦ Suid-Ndebele is die enigste amptelike taal in Suid-Afrika wat nog nie oor die volledige Bybel beskik nie.
- ✦ 'n Nuwe Testament is in 1986 in dié taal gepubliseer. In Januarie 1999 is daar op versoek van die Kerk met die vertaling van die Ou Testament begin.
- ✦ Die vertaling van die Ou Testament is feitlik afgehandel en die hersiening van die 1986-Nuwe Testament sal in Mei 2011 voltooi wees. Die moontlikheid bestaan dat Suid-Ndebelesprekers teen 2012 die Bybel in hulle eie taal sal ontvang.

Bid dat ...

- ✦ Baie Suid-Ndebeles deur hierdie Bybel die geleentheid sal kry om die Bybelse boodskap soveel beter te verstaan en dit aanleiding tot groei in die Kerk sal gee.
- ✦ Hierdie vertaling ook 'n bydrae tot die ontwikkeling van die Suid-Ndebeletaal sal lewer.

Begroting ...

R834 000 word benodig om te verseker dat daar in 2011 met die vertaling van die Suid-Ndebele Bybel voortgegaan kan word.



Doel

Om 'n Bybelvertaling in hedendaagse Zulu beskikbaar te stel.

Agtergrond

- ✦ Zulusprekendes beskik vir byna 128 jaar oor die Bybel in hulle eie taal.
- ✦ Veral jonger Zulusprekendes kan nie meer alles in die bestaande Bybel duidelik verstaan nie aangesien die vertaling nie altyd die taal soos dit vandag gepraat word, gebruik nie.
- ✦ In 1986 is 'n Nuwe Testament en Psalms in moderne Zulu gepubliseer, maar weens verskeie faktore is daar nie met die vertaling van die Ou Testament voortgegaan nie. Op versoek van die Zulu kerke is daar in 2009 met die vertaling van die Ou Testament begin.

Bid dat ...

- ✦ Aangesien die Bybel in die taal van vandag vertaal word, baie Zulusprekendes, veral die jeug, die Bybelse boodskap beter sal verstaan.

Begroting ...

R815 000 sal dit moontlik maak dat daar in 2011 met hierdie projek voortgegaan kan word.



Bybels vir China se miljoene

Doel

Om miljoene Christene in China, veral op die platteland, te help om bekostigbare Bybels te kan koop.

Agtergrond

- Amptelik is daar 30 miljoen Christene in China, maar na raming meer as 100 miljoen.
- Meer as 90 miljoen Chinese moet op sowat een Amerikaanse dollar per dag oorleef.
- Bybelgenootskappe help om Bybels vir Chinese Christene beskikbaar te stel.
- Amity Drukkery druk sedert 1987 Bybels in China.
- 54 miljoen Bybels is reeds by Amity vir China gedruk en versprei.

Bid dat ...

- Miljoene Chinese 'n eie eksemplaar van die Bybel sal ontvang.
- Elke persoon wat 'n Bybel ontvang, se lewe sal verander.

Begroting ...

R20 miljoen word benodig om 3 125 000 bekostigbare Bybels vir Christene in China beskikbaar te stel



Bybels vir Gevangenes

Doel

Om gratis Bybels aan die Departement Korrektiewe Dienste beskikbaar te stel vir verspreiding onder gevangenes.

Agtergrond

- Teen die einde van Oktober 2010 was daar 160 000 mense in Suid-Afrikaanse gevangnisse.
- Daar is duisende mense in ons gevangnisse wat geestelike versorging en Bybels benodig.
- Die Bybelgenootskap bewillig jaarliks 'n bedrag om gratis Bybels en Bybelgedeeltes aan die Departement Korrektiewe Dienste beskikbaar te stel vir verspreiding onder gevangenes.
- Die Direkoraat Geestelike Sorg van hierdie Departement beheer die verspreiding.

Bid dat ...

- Die Bybel troos en hoop sal bring aan mense wat van hulle vryheid ontnem is.
- Die Bybel 'n bydrae sal lewer in die rehabilitasieproses en gevangenes aanmoedig om, na die uitdien van hulle vonnis, 'n misdadervrye bestaan te voer.

Begroting ...

Vir 2011 word **R650 000** vir die beskikbaarstelling van Bybels aan gevangenes benodig.



Geloof kom deur Gehoor-program

Doel

Om die Bybel deur klankformaat toeganklik te maak vir diegene:

- ✦ wat nie funksioneel geletterd is nie
- ✦ wat te besig is om te lees
- ✦ wat verkies om eerder na die Woord te luister.

Agtergrond

- ✦ Deur die Geloof kom deur Gehoor-program word mense aangemoedig om, veral in luistergroepe, na die Nuwe Testament te luister.
- ✦ 'n Amerikaanse organisasie, Hosanna, is verantwoordelik vir die gedramatiseerde opnames, redigering en verpakking van die oudiomateriaal, terwyl die Bybelgenootskap verantwoordelik is om die program te bestuur en uit te brei.
- ✦ Die gedramatiseerde weergawe van die Nuwe Testament is beskikbaar in al die amptelike tale van Suid-Afrika, behalwe Suid-Ndebele. Shona, Portugees en Frans word ook hier gebruik.
- ✦ In 2010 alleen is meer as 2 000 luistergroepe oral in die land gevestig.

Bid dat ...

- ✦ Deur luistergroepe mense die geleentheid sal kry om met die Woord van God om te gaan en dit geestelike groei tot gevolg mag hê.
- ✦ Mense wat ongeletterd is, in 'n veilige omgewing na die Bybel kan luister.
- ✦ Hierdie program 'n positiewe bydrae tot die morele opheffing van die samelewing kan maak.

Begroting ...

Die Bybelgenootskap benodig vanjaar **R1 861 000** om die Geloof kom deur Gehoor-program verder in ons land te vestig en uit te brei.



Bybels vir die Armes

Doel

Om Bybels gratis op 'n verantwoordelike manier beskikbaar te stel aan diegene wat dit nie kan bekostig nie.

Agtergrond

- ✦ 'n Strategie is in plek om te verseker dat gratis Bybels op 'n verantwoordelike manier onder die armstes van die armes versprei word.
- ✦ Ongeveer 50% van die Suid-Afrikaanse bevolking moet met minder as R700 per maand oorleef.
- ✦ In 2010 het 12 168 mense danksy hierdie projek 'n eie Bybel ontvang.

Bid dat ...

- ✦ Die Bybel in die hande geplaas sal word van mense wat dit broodnodig het, maar wat dit nie kan bekostig nie.
- ✦ Die krag van die Lewende Woord op hierdie manier troos en hoop sal bring aan mense wat soms voel dat hulle deur die samelewing verstoot word.

Begroting

R650 000 word in 2011 vir hierdie doel benodig.



Bekostigbare Bybels vir almal

Doel

Om te verseker dat die Bybelgenootskap sy missie van bekostigbare Bybels kan dien.

Agtergrond

- ✦ Die taak van die Bybelgenootskap is om bekostigbare Bybels vir elkeen in hul eie taal en in geskikte formate beskikbaar te stel sodat almal die lewegewende boodskap van die Woord mag ervaar.
- ✦ Die Bybelgenootskap is verantwoordelik vir die vertaling, produksie en verspreiding van Bybels en Bybelgedeeltes in al die tale van ons land.
- ✦ Die mikpunt vir 2011 is om een miljoen volledige Bybels te versprei, waarvan die meeste Standaardbybels sal wees.
- ✦ Sonder die medewerking van sy donateurs, is dit nie vir die Bybelgenootskap moontlik om sy taak uit te voer nie en sal baie mense miskien nooit 'n eie Bybel kan bekom nie.

Bid dat ...

- ✦ Die Bybelgenootskap met sy taak om bekostigbare Bybels beskikbaar te stel, sal kan voortgaan.
- ✦ Meer mense bekostigbare Bybels sal bekom en die voorreg om 'n eie Bybel te besit, smaak.

Begroting ...

R26 250 000 word benodig sodat Bybels so bekostigbaar moontlik beskikbaar gestel kan word.



SAKE VIR VOORBIDDING PINKSTER 2011

